



The miracles of science™

PREVATHON™

Reg. No. L8622 Act No. 36 of 1947

A suspension concentrate stomach and contact insecticide for the control of potato tuber moth, potato leaf miner and tomato leaf miner moth in potatoes and tomato semi-looper, American (African) bollworm and tomato leaf miner moth in tomatoes and tomato leaf miner moth in eggplant.

Reg. Nr. L8622 Wet Nr. 36 van 1947

'n Suspensie konsentraat maag en kontak insekdoder vir die beheer van aartappelmot, aartappel bladmyner en tamatie bladmyner mot in aartappels en tamatievalslandmeter, Amerikaanse (Afrika) bolwurm en tamatie bladmyner mot in tamaties en tamatie bladmyner mot in eiervrug.

INSECTICIDE GROUP CODE 28 INSEKDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT

chlorantraniliprole 200 g/l
(anthranilic diamide)

AKTIEWE BESTANDDEEL

chlorantranilipool
(antraniliese diamied)

Net Volume

**500 ml, 1 l,
& 3 l**

Netto Volume

**REGISTERED BY /
GEREGISTREER DEUR:**

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA
(PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600

**24 Hour/Uur Emergency
Number/Noodnommer:
083 123 3911**

BATCH NUMBER

LOTNOMMER

DATE MANUFACTURED

DATUM VERVAARDIG

UN No. / VN Nr. 3082

**CAUTION
VERSIGTIG**

Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™, PREVATHON™, STEWARD®, AVAUNT®, KOCIDE®, TANOS®, CURZATE® and TREND® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- **ONTHOUDINGSPERIODES:** Die volgende minimum aantal dae (onthoudingsperiode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

Tamaties..... 1 dag
Eiervrug 1 dag

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewendende ongewerwede diere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houer by 'n temperatuur van nie hoër as 25°C nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue of ander ongewenste resultate.
- **HERBETREDING:** Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse en handskoene).
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANDEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.
- Spoel die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.

- Vernietig die leë houer deur gate in te kap en plat te druk, en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

PREVATHON™ is 'n groepkode 28 insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **PREVATHON™** en ander groepkode 28 insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insek populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **PREVATHON™** of enige ander groepkode 28 insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met produkte in verskillende insekdodergroepcodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Sommige insekte (bv. *Phthorimaea operculella*, *Liriomyza huidobrensis*, *Chrysodeixis acuta*, *Helicoverpa armigera*, *Tuta absoluta* ens.) is in staat om weerstand teen kommersieël beskikbare produkte te ontwikkel. Indien weerstand ontwikkel, faal aanbevole toedieningshoeveelhede daarin om plaagpopulasies onder die ekonomiese drumpelwaardes te bring. Die aanvang van bestandheid kan nie voorspel word nie en lokale adviseurs moet geraadpleeg word vir aanbevelings teen bestandheid. As gevolg van die unieke wyse van werking is **PREVATHON™** geskik vir toediening waar weerstandsbestuur belangrik is. Terwyl daar nie tekens van bestandheid teen clorantraniliproof is nie, sal die volgende riglyne die lewensduur van die produk verleng:

1. Waar moontlik, wissel **PREVATHON™** af met produkte uit ander chemiese klasse (oksadiazien bv. **Steward® 150 EC**, piretroïed, organofosfaat, neonikotinoïed, spinosin, diakielhidrasien of ander insekgroei-reguleerders). Afwisseling met geregistreerde produkte uit bogenoemde chemiese klasse word aanbeveel ten einde nie die maksimum aantal **PREVATHON™** toedienings per seisoen, soos aanbeveel onder **GBRUIKSAANWYSINGS** op hierdie etiket, te oorskry nie.
2. Monitor insek populasies en dien **PREVATHON™** toe volgens die aanbevelings op hierdie etiket wanneer lokale insekpopulasies ekonomiese drumpel waardes bereik het. Dit word aanbeveel dat twee tot drie rug-aan-rug **PREVATHON™** bespuitings as 'n blokbespuiting toegedien word. Volg hierdie etiket aanwysings presies vir toedieningshoeveelhede, spuitintervalle en die optimum tyd om **PREVATHON™** toe te dien.
3. **PREVATHON™** bewaar voordelige geleedpotiges bv. insekte en myte (parasiete en predatore). Sulke voordelige insekte wat agterbly na bespuitings kan help om herinfestasië van die plaag te verminder/beheer. Oorblywende voordelige spesies plaas addisionele druk op die plaag populasie en help derhalwe om bestandheidspotensiaal te verminder.

ALGEMENE INLIGTING:

PREVATHON™ beskik oor 'n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die loslating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakte spier regulering, verlamming en die uiteindelijke dood van die insek. Dood van die plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging and voeding vind vinnig plaas.

PREVATHON™ is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontakaksie).

PREVATHON™ beheer hoofsaaklik Lepidoptera insekplae, maar beheer ook sommige insekplae in ander Ordes bv. Coleoptera, Diptera ens. Daar is bewys dat **PREVATHON™** toedienings betekenisvolle populasies van baie voordelige insekte (predatore, parasitoiede en bestuiwers) asook predatoriese myte agterlaat en kan dus effektief in Geïntegreerde Plaagbeheer programme gebruik word.

REËNVASTHEID: **PREVATHON™** sal nie deur reën of sprinkelbesproeiing afgewas word nadat die spuitmengsel op die loof en vrugte afgedroog het (wat tot 2 uur kan neem na toediening) nie en dit behoort dus geen invloed op die normale nawerking van die produk te hê nie. Nieteenstaande kan herhaaldelike abnormale reënval/oorhoofse besproeiing na afloop van toediening die effektiwiteit van die produk verminder.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID:

Die tenkmengsel verenigbaarheid van **PREVATHON™** is nog nie volledig ondersoek nie.

PREVATHON™ is verenigbaar met **Tanos®** (Reg. Nr. L6564 Wet Nr. 36 van 1947), **DuPont Kocide® 2000** (Reg. Nr. L7805 Wet Nr. 36 van 1947), **Trend® 90** (Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947), **H & R Crop Oil** (Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947), **Villa 51** (Reg. Nr. L8050 Wet Nr. 36 van 1947), **Break-Thru** (Reg. Nr. L6764 Wet Nr. 36 van 1947), **Entrée** (Reg. Nr. L8055 Wet Nr. 36 van 1947) & **Bladbuff 5** (Reg. Nr. L3351 Wet Nr. 36 van 1947).

Raadpleeg die etikette van die bogenoemde produkte vir volle besonderhede.

Vir meer inligting aangaande verenigbaarheid kontak u naaste **DuPont** verteenwoordiger.

Daar word aanbeveel dat gebruikers eers 'n klein hoeveelheid van die verlangde tenkmengsel met **PREVATHON™** opmaak en kyk vir enige ongewenste veranderinge (afsaksels, vlokkulasie, ens.). Vermoed tenkmengsels met verskeie produkte.

TENKMENGSEL VERMENGING:

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **PREVATHON™** toegedien word. Maak die spuittenk ¼ tot ½ vol met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **PREVATHON™** direk in die spuittenk en vul op met water terwyl aanhouded geroer word.

VERMENGINGS VOLGORDE:

Wanneer **PREVATHON™** met ander produkte vermeng word, voeg altyd eerste water dispergeerbare korrel formulasies (bv. **Tanos®**), gevolg deur benatbare poeiers en daarna suspensie konsentrate (bv. **PREVATHON™**), gevolg deur die ander formulasies (waar van toepassing) in die volgende volgorde in die spuittenk:

- wateroplosbare konsentrate
- olie basis suspensie konsentrate
- emulsifiseerde konsentrate hulpmiddels
- byvoegmiddels en spuitolies

Laat genoeg tyd toe vir totale vermenging en dispergering nadat elke produk bygevoeg is. Verwys ook na **VERENIGBAARHEIDS** stelling hierbo.

TOEDIENING:

Dien **PREVATHON™** as 'n volle dekbespuiting met konvensionele spuittoerusting toe, wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en die korrekte dosis per hektaar te verkry. In tamaties kan **PREVATHON™** beide as 'n hoë volume volle dekbespuiting of as 'n verlaagde volume newelblaser toediening in minimum 500 liter spuitmengsel per hektaar toegedien word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>AARTAPPELS:</p> <p>Aartappelmot (larwes) (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>LOOFTOEDIENING: 100 ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIWE TOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien PREVATHON™ toe in 500-1000 l water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. • Dien toe met die eerste teken van infestasië (myne) op die blare of wanneer die aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasië op hande is. • Die tyd van opvolgtoedienings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke aartappellande plaas te vind. • PREVATHON™ kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende her-infestasië gebruik word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer plante aktief groei. • Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met PREVATHON™ te oorskry nie, insluitend toedienings teen aartappelbladmyner (sien hierna). Die afwisseling van PREVATHON™ met middels met 'n verskillende wyse van werking bv. STEWARD®/AVAUNT® 150 EC word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings PREVATHON™ opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • PREVATHON™ sal ook Amerikaanse (Afrika) bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Amerikaanse (Afrika) bolwurm in tamaties op hierdie etiket. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur PREVATHON™ toedienings benadeel word nie. • Erdplantrye minstens twee keer per seisoen op. • Laat toedienings van PREVATHON™, wanneer plante terugsterf sal nie goeie beheer van aartappelmotlarwes gee nie. • Die byvoeging van 'n byvoegmiddel bv. Trend 90 of Villa 51 teen 75 ml/100 l spuitmengsel, H&R Crop Oil teen 500 ml/ha of Break-Thru teen 1250 ml/ha word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Aartappels kan enige tyd na toediening van PREVATHON™ gegoes word. • Vir maksimum PREVATHON™ toegedien per seisoen in aartappels sien aartappelbladmyner aanbevelings op hierdie etiket.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>AARTAPPELS: (vervolg)</p> <p>Aartappelbladmyner (larwes) (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)</p> <p>&</p> <p>Aartappelmot (larwes) (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p> <p>&</p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>LOOFTOEDIENING: 150-200 ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien PREVATHON™ toe in 500-1000 l water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. • Dien die hoër dosis van PREVATHON™ toe wanneer vroeg korrekief onder hoë plaag druk toegedien word. Dien die laer dosis van PREVATHON™ in opvolgende toedienings toe wanneer in 'n gereelde 7 dae spuitprogram toegedien word. • Dien toe sodra die eerste teken van steekmerke (die eerste simptome) op die blare (gewoonlik die onderste blare) waargeneem word. • PREVATHON™ moet in 'n 7 dae spuitinterval spuitprogram onder toestande van aanhoudende her-infestasië gebruik word. • Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met PREVATHON™ te oorskry nie. Die afwisseling van PREVATHON™ met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings PREVATHON™ opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • PREVATHON™ sal ook Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Amerikaanse (Afrika) bolwurm in tamaties op hierdie etiket. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur PREVATHON™ toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. Trend® 90 of Villa teen 75 ml/100 l spuitmengsel, H&R Crop Oil teen 500 ml/ha of Break-Thru teen 250 ml/ha word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Aartappels kan enige tyd na toediening van PREVATHON™ ge-oes word. • Moet nie 'n maksimum van 600 ml/ha PREVATHON™ in totaliteit per seisoen in aartappels oorskry nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>TAMATIES:</p> <p>Tamatievalslandmeter (larwes) (<i>Chrysodeixis acuta</i>)</p> <p>en</p> <p>Amerikaanse (Afrika) bolwurm (larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>LOOF-TOEDIENING:</p> <p>20 ml/hL</p> <p>OF</p> <p>(200 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien PREVATHON™ toe in 500-1500 l water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieel. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien PREVATHON™ teen 'n dosis van 200 ml/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 l spuitmengsel per hektaar toe. • Dien PREVATHON™ toe wanneer die eerste larwes opgemerk word – normaalweg om en by vrugset. • Sien asb belangrike notas onder.
<p>TAMATIES:</p> <p>Tamatie Bladmyner Mot (<i>Tuta absoluta</i>) (Larwes)</p>	<p>LOOF-TOEDIENING:</p> <p>20 ml/hL</p> <p>OF</p> <p>(200 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien PREVATHON™ toe in 500-1500 l water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieel. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien PREVATHON™ teen 'n dosis van 200 ml/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 l spuitmengsel per hektaar toe. • Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien PREVATHON™ toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word. • Sien asb belangrike notas onder.

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIEVALSLANDMETER, AMERIKAANSE (AFRIKA) BOLWURM EN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN TAMATIES:

- Gereelde inspeksie van tamatie lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel.
- **PREVATHON™** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei.
- **PREVATHON™** toegedien in 'n 7 dae spuitinterval program sal tot 'n vermindering van 50-80% van Amerikaanse bladmyner (*Liriomyza trifolii*) onder lae tot medium plaagdruk gee. Wissel **PREVATHON™** onder hoë druk van Amerikaanse bladmyner af met 'n produk wat effektief en spesifiek teen die plaag geregistreer is.
- Dit is belangrik om nie 3 toedienings per seisoen met **PREVATHON™** te oorskry nie. Die afwisseling van **PREVATHON™** met middels met 'n verskillende wyse van werking) bv. **STEWARD®/AVAUNT® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings **PREVATHON™** opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkings meganismes (bv. **STEWARD®/AVAUNT® 150 EC**) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **PREVATHON™** benadeel word nie.
- Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. **Trend® 90, Villa 51, Sortie of Entree** teen 50 ml/100 l spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.
- Tamaties kan een dag na toediening ge-oes word.
- Moet nie 'n maksimum van 600 ml/ha **PREVATHON™** in totaliteit per seisoen in tamaties oorskry nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
EIERVRUG: Tamatie Bladmyner Mot (<i>Tuta absoluta</i>) (Larwes)	LOOF- TOEDIENING: 20 mℓ/hL OF (200 mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)	Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING: <ul style="list-style-type: none"> • Dien PREVATHON™ toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien PREVATHON™ teen 'n dosis van 200 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe. • Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien PREVATHON™ toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word. • Sien asb belangrike notas onder.

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN EIERVRUG:

- Gereelde inspeksie van eiervrug lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel.
- **PREVATHON™** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei.
- Dit is belangrik om nie 3 toedienings per seisoen met **PREVATHON™** te oorskry nie. Die afwisseling van **PREVATHON™** met middels met 'n verskillende wyse van werking) bv. **STEWARD®/AVAUNT® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings **PREVATHON™** opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkings meganismes (bv. **STEWARD®/AVAUNT® 150 EC**) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **PREVATHON™** benadeel word nie.
- **Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. Trend® 90, Villa 51, Sortie of Entree teen 50 mℓ/100 ℓ spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.**
- **Eiervrug kan een dag na toediening ge-oes word.**
- **Moet nie 'n maksimum van 600 mℓ/ha PREVATHON™ in totaliteit per seisoen in eiervrug oorskry nie.**

ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:

- H & R Crop Oil is die geregistreerde produk van H & R South Africa Sales (Pty) Ltd
- Break-Thru is die geregistreerde produk van Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd
- Entrée is die geregistreerde produk van Miller Chemicals SA (Pty) Ltd
- Bladbuff 5 is die geregistreerde produk van Plaaskem (Pty) Ltd
- Villa 51 is die geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd